GRONDWET VAN
DIE ONAFHANKLIKE ENTREPRENEURS VERENIGING VAN MOSSELBAAI

INHOUD:

1. NAAM
2. STIGTING
3. HOOFDOEL
4. STREWE EN DOELWITTE
5. LIDMAATSKAP
6. KWYTSKELDING VAN LIDMAATSKAPFOOIE/ANDER BETROKKE KOSTE
7. STALLETJIEFOOIE
8. VRYWARING
9. REëLS VAN TOEPASSING OP STALLETJIEHOUERS (UITSTALLERS) (UITSTALLERS) BY ALLE UITSTALGEBIEDE VAN TOEPASSING
10. MUNISIPALE VERORDENINGE VIR DIE TOESIG EN BEHEER VAN DIE VOORTBESTAAN VAN BESIGHEDE VAN STRAATSMOUS, VENTER, VERKOPER
11. STRUKTUUR
12. PLIGTE VAN DIE BESTUUR
13. PLIGTE VAN DIE LEDE VAN BESTUUR
14. PLIGTE VAN: DIE SEKRETARIS
15. STEMMING VAN DIE BESTUUR
16. VERGADERINGS
17. KWORUM
18. SUB-KOMITEES
19. FINANSIËLE JAAR
20. VERKIESING VAN AMPSTERMYN
21. FINANSIES
22. ALGEMENE PROSEDURES TEN OPSIGTE VAN DIE VERENIGING SE VERGADERINGS
23. STEMREG BY LEDEVERGADERINGS
24. VRYWARING VAN AMPTENARE EN BESTUURSLEDE
25. SKORSING EN/OF OPSKORTING VAN LIDMAATSKAP
26. WYSIGING VAN DIE GRONDWET
27. ONTBINDING VAN DIE VERENIGING
28. UITLEGGING

1. **NAAM**

1.1 Die Naam van hierdie Vereniging sal wees die **ONAFHANKLIKE ENTREPRENEURS VERENIGING VAN MOSSELBAAI**, hierna verwys as "DIE VERENIGING."

2. **STIGTING**

2.1 Nieteenstaande enige iets tot die teendeel, sal aanvaar word dat die Stigtingsdatum van die Vereniging17 April 1995, is.

3. **HOOFDOEL**

3.1 Die hoofdoelwit van die Vereniging sal wees om Entrepreneurskap te bevorder en te bestuur in die Mosselbaai Munisipale gebied, met spesifieke verwysing na informele handeldryf in 'n poging om werkskepping te bevorder. Die Vereniging sal voorts daarna streef om werkloses te bemagtig, ten einde hulle in staat te stel om onafhanklik en selfonderhoudend te word.

4. **STREWE EN DOELWITTE**

4.1 Om alle informele handeldryf in Mosselbaai te rasionaliseer.
4.2 Om 'n opbouende omgewing vir informele handeldryf te skep.
4.3 Om norme en standaarde vir informele handeldryf daar te stel.
4.4 Om ekonomiese regverdigheid vir al die lede te verseker en om geleenthede vir almal te verskaf.
4.5 Om 'n gesindheid van eenheid tussen al die informele handelaars, ongeag van kleur, geloof, nasie of geslag, te probeer skep.
4.6 Om lede in te lig en op te lei sodat hulle sal verstaan hoe die land se ekonomie hulle raak en hoe die ekonomie aangewend kan word om die belange van die informele handelaars te bevorder.
4.7 Om lede op versoek by te staan en om samewerking tussen die lede aan te moedig.
4.8 Om daarna te streef om onderlinge verskille tussen lede binne die Vereniging op te los, en by gebrek daarvan, om redelike en billike oplossings vir sodanige dispute en verskille te vind.
4.9 Om Dissiplinêre optrede in te stel teen lede, indien nodig en redelike stappe te neem om dispute op te los aan die hand van sodanige prosedures, of ander regsweë.
4.10 Om onderrig en opleiding vir alle informele handelaars te bevorder en te koördineer om sodoende die belange van die informele handelaars te bevorder.
4.11 Om lede in te lig aangaande alle sake wat informele handeldryf raak.

4.12 Om kommentaar te lewer oor alle regsaspekte en of beleid van die plaaslike owerheid of enige ander instelling wat die belange van die lede raak asook om dit te bevorder of teen te staan.

4.13 Om fondse in te samel deur middel van lidmaatskapfooie of enige ander wettige wyse om hierdie strewe en doelwitte te bevorder.

5. LIDMAATSKAP

5.1 Die vereniging sal oor plaaslike en nie plaaslike lede beskik;

5.2 Alle Aansoeke om lidmaatskap sal op skrif aan die bestuur voorgelê word vir keuring en goedkeuring, welke toekenning en aanvaarding van lidmaatskap sal geskied in die uitsluitlike diskresie van die bestuur.

5.3 Plaaslike lidmaatskap is slegs vir lede wat permanent in Mosselbaai woonagtig is.

5.4 Nie-plaaslike lidmaatskap is slegs vir lede wat nie permanent in Mosselbaai woonagtig is nie.

Die OEV Bestuur het die prerogatief om in uitsonderlike omstandighede plaaslike lidmaatskapstatus met voordele aan nie-plaaslike lede toe te ken.

5.5 Die verkryging van lidmaatskap waarborg geen toekenning van ‘n stalletjie nie.

5.6 Enige applikant jonger as agtien is, se ouers of wettige voogde moet die aansoekvorm asook ‘n vrywaringsvorm van die Vereniging, en ander nodige dokumentasie mede onderteken. Sodanige lid het geen stemreg nie.

5.7 Die Vereniging se Bestuur sal die jaarlikse lidmaatskapfooie, asook enige ander fooie of koste vasstel, welke fooie en koste aangewend sal word vir die doeleiendes van die Vereniging.

5.8 Alle lede moet lidmaadskapfooie vooruit betaal voor of op 1 Desember van elke jaar.

5.9 Die Vereniging se Bestuur het volmag om alle gevalle/aansoeke wat op skrif gestel is op meriete te oorweeg vir plaaslike lidmaatskap vir persone wie nie normaalweg daarvoor sou kwalifiseer nie. Sulke Aansoeke kan persone insluit wie nie aktief handel dryf nie. Die Bestuur se beslissing met betrekking tot lidmaatskap sal finaal wees.

5.10 ‘n Lid wie se voormalige lidmaatskap opgeskort is, kan deur die voorgeskrewe appèl prosedures aansoek doen om aan sy lidmaatskap

herstel te word. Die uitslag van sodanige appèl sal as finaal en bindend op die partye wees. Alle prosedures met betrekking tot die appèl sal geskied ooreenkomstig die Vereniging se Appèl Prosedure Handleiding.

LIDMAATSKAP SAL BEËINDIG WORD:-

5.10.1 Indien ‘n lid se lidmaatskapfooie of enige ander gelde en/of fooie betaalbaar, onbetaald is en uitstaande is op 01 Desember van enige jaar.

5.10.2 Wanneer ‘n lid, volgens die objektiewe mening van die Bestuur, optree teen die doelwitte en strewes van die Vereniging.

5.10.3 Wanneer ‘n lid skuldig bevind word dat hy/sy sterk drank gebruik het terwyl hy/sy handeldryf of onder die invloed van enige dwelmmiddel is.

5.10.4 Wanneer ‘n lid skuldig bevind word aan handeldryf met sterk drank.

5.10.5 Wanneer ‘n lid binne sig van enige lid van die Bestuur, of by gebrek na behoorlike ondersoek, skuldig bevind word aan lasterlike op beledigende optrede teenoor ‘n lid van die publiek of enige mede handelaar.

5.10.6 Wanneer ‘n lid op enige wyse weier om die reëls en regulasies, soos vasgestel en van tyd tot tyd gewysig, na te kom, insluitende alle reëls en regulasies soos vasgestel deur die Mosselbaai Munisipaliteit.

5.10.7 Indien enige lid aan enige strafbare oortreding skuldig bevind word.

6. **KWYTSKELDING VAN LIDMAATSKAPFOOIE/ANDER BETROKKE KOSTE**

Die Bestuur kan, op aansoek van ‘n lid, ‘n lid vrystel van die betaling van lidmaatskapfooie. Die Bestuur sal die meriete van die Aansoek oorweeg en, indien sodanige lid volgens hul mening kwalifiseer, sodanige kwytskelding toestaan. Alle inligting ten opsigte van die kwytskelding sal as vertroulik hanteer word deur die Bestuur. Die Bestuur kan ook verdere kwytskelding toeken aan enige persoon wat as ’n lid verkies is met betrekking tot ‘n spesifieke taak, wie nie anders as bestuurslid sou kwalifiseer nie.

7. **STALLETJIEFOOIE**

Die stalletjiefooie sal jaarliks deur die Munisipaliteit bepaal en hersien word en sal addisioneel tot hul lidmaatskapfooie betaalbaar wees deur alle geaffekteerde lede. Alle stalletjie betalings sal stiptelik geskied soos en wanneer dit betaalbaar raak, by gebreke waarvan sodanige lid sy regte ten opsigte van die stalletjie sal verloor. IN sodanige geval sal die Bestuur geregtig wees om die stalletjie te herverhuur.

8. **VRYWARING**

Elke lid sal, tesame met sy Aansoekvorm, ‘n vrywaring onderteken in terme waarvan die Vereniging en die Munisipaliteit gevrywaar word teen enige eise van enige aard. Alle bestaande lede vrywaar ook die Vereniging en die Munisipaliteit teen enige aanspreeklikheid, welke vrywaring geskied uit hoofde van sy of haar lidmaatskap aan die Vereniging.

9. **REëLS VAN TOEPASSING OP STALLETJIEHOUERS (UITSTALLERS)**

Die bestuur sal geregtig wees om van tyd tot tyd reëls neer te lê met betrekking tot die bedryf van stalletjies, welke reëls van toepassing sal wees op alle uitstalgebiede. In die geval van enige wysiging ten opsigte van sodanige reël, sal die betrokke wysigings skriftelike deur die Bestuur aan alle lede en geaffekteerdes gestuur word.

10. **MUNISIPALE VERORDENINGE VIR DIE TOESIG EN BEHEER VAN DIE VOORTBESTAAN VAN BESIGHEDE VAN STRAATSMOUS, VENTER, VERKOPER**

Alle lede sal toesien dat, te alle tye die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, asook alle ander bestaande wette van die Republiek, regulasies van die Provinsie, asook Munisipale Regulasies en Verordeninge nagekom sal word, insluitende alle toekomstige Wette, Regulasies en Verordeninge.

11. **STRUKTUUR**

11.1 Vir doeleindes van hierdie Grondwet sal die OEV ‘n Assosiasie wees met eie identiteit en bestaansreg en dus geag ‘word n regspersoon te wees. Dit word ooreengekom dat die Vereniging ‘n aparte identiteit sal wees wat onafhanklik van sy lede sal bestaan. Die Vereniging sal geregtig wees om kontrakte in sy eie naam aan te gaan, asook om regsaksie in sy naam in te stel of te verdedig. Die Vereniging mag voorts amptenare aanstel, dissiplineer en ontslaan, asook professionele lui aanstel en vergoed.

11.2 Geen verandering in die Vereniging se lidmaatskap of ampsbekleërs kan op enige manier die Vereniging se voortbestaan beïnvloed nie. Die Vereniging is ‘n aparte entiteit op sigself en bestaan onafhanklik van sy lede.

11.3 Die Bestuur van die Vereniging sal bestaan uit die volgende lede:

- Voorsitter
- Onder-Voorsitter
- Tesourier
- Vyf addisionele lede, onderhewig aan sub paragraaf 11.7
- ‘n Verteenwoordiger van die Mosselbaai Munisipaliteit
- Twee addisionele persone (wie uitgebrei mag word na maksimum 4 (vier) soos benodig) – kan deur die Bestuur gekoöpteer word, welke persone nie lede sal wees.

Al die bogenoemde lede het volle stemreg.

Al die bogenoemde lede (behalwe die Munisipale verteenwoordiger en tot vier(4) addisionele lede indien benodig) moet op ‘n Algemene Jaarvergadering verkies word.

11.4 Die Bestuur sal die volgende regte en verpligting hê:

11.4.1 Die Beheer, die bestuur en administrasie van die Vereniging en sal die Bestuur toesien tot die uitvoering van al die regte en verpligtinge van die Vereniging, asook die besigheids aangeleenthede daarvan.

11.4.2 Sonder om afbreek te doen aan die algemeenheid van die voormelde, sal die regte soos hierbo uiteengesit insluit, maar nie beperk wees daartoe tot:

11.4.2.1 die daarstel van aanvaarbare standaarde, reëls en regulasies ten opsigte van handeldryf, stalletjies en aanverwante aangeleenthede,

11.4.2.2 om sodanige aksies en optredes aan te gaan ten einde die doelstellings hetsy uitdruklik hierin uiteengesit aldan nie van die Verenging na te streef en uit te voer.

11.4.2.3 Die aanstel en vergoeding van agente, werknemers en ander partye, insluitende professionele ly, namens die Vereniging, asook die beëindiging van hul dienste.

11.4.2.4 Die maak, verandering en herroeping van reëls welke van toespassing sal wees op die lede.

11.4.2.5 Die vasstelling en heffing van ledegelde en stalletjie fooie asook aanverwante koste.

11.4.2.6 Die aanstel van regsverteenwoordigers ten einde regstappe in te stel of te verdedig.

11.4.2.7 Om al die verdere pligte soos uiteengesit in paragraaf 12 hiervan, uit te voer.

11.5 ‘n Verteenwoordiger van die Mosselbaai Munisipaliteit sal ook ‘n lid wees van die Bestuur, welke bestuurslid aangewys sal word deur die Mosselbaai Munisipaliteit. Die genoemde Munisipale lid sal volle stemreg hê, maar nie verantwoordelik wees vir enige lidmaatskapsgelde nie, uit hoofde van sy amp soos hierbo voormeld.

11.6 ‘n Redakteur/Redaktrise kan deur die Bestuur aangewys word; indien nodig.

Hy/sy sal geen stemreg of addisionele stemreg hê nie.

Hy/sy hoef nie ‘n lidmaatskapfooi te betaal indien hy/sy nie aktiewe lid is nie.

Die pos maak nie deel van aktiewe Bestuur uit nie.

11.7 Addisionele persone:

Twee (2) addisionele persone, wie uitgebrei mag word na vier (4) persone, soos benodig kan deur die Bestuur gekoöpteer word vir dieselfde tydperk as waaroor die huidige bestuur se termyn strek. Indien sodanige hoeveelheid uitgebrei word, sal sodanige persone die addisionele lede wat verkiesbaar mag wees vervang, tot die effek dat die addisionele lede en die gekoöpteerde persone gesamentlik ‘n maksimum getal van sewe(7) persone sal beloop.

Hierdie gekoöpteerde persone hoef nie ‘n lidmaatskapfooi te betaal indien hulle nie aktiewe handelaars is nie.

Gekoöpteerde persone het volle stemreg.

11.8 Die Voorsitter, Ondervoorsitter en Tesourier sal deur die Bestuur by wyse van stemming aangewys word. In die geval van ‘n bedanking deur die hele bestuur van die Vereniging, sal die Voorsitter, of by gebrek aan sy beskikbaarheid, die Ondervoorsitter, as Voorsitter waarneem van die Vereniging totdat ‘n nuwe bestuur behoorlik verkies is in terme van hierdie konstitusie.

12. PLIGTE VAN DIE BESTUUR

Die Bestuur is geregtig om tot die beste van sy vermoë voort te gaan met die werk van die Vereniging in die beste belang van sy lede onderworpe aan die Algemene Beleid van die Vereniging. Die Bestuur is gemagtig:

12.1 Om nie meer as twee addisionele gekoöpteerde lede as mede lede van die Bestuur aan te stel, bo en behalwe die wat op die Algemene Jaarvergadering verkies is nie. Hierdie poste kan vakant gelaat word, maar sal veral verkieslik wees waar daar ‘n behoefte ontstaan vir die

kundigheid en kennis van ‘n spesifieke persoon/persone. Sodanige mede lede wat verkies is kan, indien nodig, vir dienste gelewer vergoed word.

12.2 Om Sub-Komitees vir spesifieke werksaamhede of ‘n bepaalde doel aan te stel en die sameroeper daarvan te nomineer. Om hulle pligte vas te stel en hulle te magtig om addisionele lede as mede lede te kies. Besluite van enige Sub-Komitee moet aan die Bestuur op die volgende Vergadering voorgelê word vir goedkeuring. Sub-Komitees kan ook aangestel word om spesifieke take volgens duidelike riglyne soos neergelê deur die Bestuur, uit te voer.

12.3 Om betaalde Amptenare aan te stel. Om hulle salaris en diensvoorwaardes te bepaal en om hulle dienste te beëindig indien nodig.

12.4 Om kontrakte en ooreenkomste in belang van die Vereniging aan te gaan en om roerende en vaste eiendom te verkoop, te verhuur, aan te koop, te huur of in belang van die Vereniging te verpand.

12.5 Om die lidmaatskap van enige Bestuurslid wat sonder verskoning by drie opeenvolgende Vergaderings afwesig is, as vakant te verklaar.

12.6 Om die opbrengs van enige bates of enige gelde van die Vereniging te belê of enige beleggings te maak of af te wissel met ander beleggings.

12.7 Om op verantwoordelikheid van die Bestuurslede, geld te leen vir die bevordering van die doelstelling van die Vereniging teen die beste verkrygbare rentekoerse of ander finansiële transaksies aan te gaan op sodanige terme en voorwaardes as wat die Bestuur wenslik ag.

12.8 Om ‘n bankrekening namens die Vereniging te open en te hanteer.

12.9 Die Bestuur word verder gemagtig om in enige onderneming, of handleiding wat uitsluitlik tot voordeel van die Vereniging is, namens die Vereniging op te tree.

13. PLIGTE VAN DIE LEDE VAN BESTUUR

13.1 VOORSITTER

13.1.1 Die Voorsitter sal gekies word uit die Bestuur soos hierbo uiteengesit en sal as Voorsitter dien vir ‘n termyn van 2 jaar.

13.1.2 Die Voorsitter sal alle Vergaderings belê en as Voorsitter optree tydens sodanige vergadering.

13.1.3 Voorts sal die Voorsitter te alle tye in oorleg met lede van die Bestuur, die belange van die Vereniging organiseer, kontroleer en bestuur ooreenkomstig hierdie Grondwet.
13.1.4 Die Voorsitter sal alle Amptelike Notules van die vergadering onderteken.

13.2 **ONDER-VOORSITTER**

13.2.1 Alle pligte en regte soos uiteengesit in hierdie Konstitusie.
13.2.2 Tree op as Voorsitter in afwesigheid van die Voorsitter, in welke geval hy die pligte van die Voorsitter sal uitvoer.

13.3 **TESOURIER**

13.3.1 Alle pligte en regte soos uiteengesit in hierdie Konstitusie.
13.3.2 Hantering van, en Toesighouding oor alle Finansiële aspekte en sake van die Vereniging.
13.3.3 Byhou van die Vereniging se Rekeninge en lewering van finansiële rapportering aan Bestuursvergadering op maandelikse basis asook aan alle Ledevergaderings en die Algemene Jaarvergadering.
13.3.4 Byhou van finansiële boeke in ooreenstemming met algemene aanvaarde rekenkundige praktyk.
13.3.5 Bank van alle inkomste van die Vereniging ontvang.
13.3.6 Alle ander pligte wat verband hou met die voormelde of enige ander soos opgelê deur die Bestuur.

13.4 **ANDER KOMITEELEDE**

13.4.1 Alle pligte en regte soos uiteengesit in hierdie Konstitusie.
13.4.2 Bystand aan die Voorsitter en/of alle lede van die Bestuur ten opsigte van take en pligte soos **g**edelegeer.

13.5 **VERTEENWOORDIGER VAN MUNISIPALITEIT**

13.5.1 Alle pligte en regte soos uiteengesit in hierdie Konstitusie.
13.5.2 Optree as skakel en raadgewer tussen die Vereniging en die Munisipaliteit.
13.5.3 Toesien tot die bekragtiging van besluite van die Vereniging deur die Raad wanneer nodig.

14. PLIGTE VAN:

14.1 DIE SEKRETARIS

14.1.1 Alle pligte en regte soos uiteengesit in hierdie Konstitusie.
14.1.2 Byhou van notules van alle vergaderings.
14.1.3 Ontvangs en uitstuur van alle korrespondensie.
14.1.4 Hantering van navrae van lede en nie-lede.
14.1.5 Uitstuur van kennisgewings benodig ten opsigte die werksaamhede van die Vereniging te bewerkstellig.
14.1.6 Algemene kantoorwerk, administratiewe take en bestuurstake van die Vereniging en die Bestuur.

15. STEMMING VAN DIE BESTUUR

15.1 Alle besluite van die Bestuur sal geskied by wyse van ‘n stem, hetsy by wyse van opsteek van hande of stemming per stembrief.
15.2 Die Voorsitter sal een (01) gewone stem hê, sowel as ‘n beslissingstem welke slegs gebruik mag word ingeval van ‘n dooie punt met betrekking tot enige aangeleentheid waaroor gestem word.
15.3 Alle ander Bestuurslede sal elkeen een (1) stem hou.

16. VERGADERINGS

16.1 BESTUURSVERGADERINGS

Die Vereniging sal die volgende vergaderings hê en sal die volgende van toepassing wees:

16.1.1 Bestuursrade
Die Bestuur van die Vereniging sal vergader op ‘n datum en plek soos bepaal deur die Voorsitter, welke sal plaasvind minstens 1 (een) maal per maand .
16.1.2 Die Voorsitter sal die datum ten opsigte van gewone vergaderings minstens 21 (een en twintig) dae voor die vergadering alle bestuurslede bekend maak, terwyl ’n Spesiale Vergadering belê kan word deur die Voorsitter, of minstens 2 (twee) ander komiteelede, in welke geval ’n kennisgewing van minstens 48 (ag en veertig) uur van toepassing sal wees.
16.1.3 Indien daar na 15 (vyftien) minute vanaf die geskeduleerde aanvang van die vergadering nie ‘n kworum teenwoordig is nie, mag die Voorsitter sodanige vergadering verdaag vir ‘n periode

van minstens 7 (sewe) dae, of sodanige tydperk soos ooreengekom tussen al die partye teenwoordig.

16.1.4 Indien ‘n Bestuurslid versuim om 3 (drie) opeenvolgende vergadering van die Bestuur by te woon, mag die Voorsitter versoek om sy posisie te ontruim.

16.2 **ALGEMENE VERGADERINGS**

Vergaderings sal gehou word soos nodig, maar alles moontlik moet gedoen word om te verseker dat ten minste drie Ledevergaderings (insluitende die Algemene Jaarvergadering) elke jaar gehou word.

16.3 **ALGEMENE JAARVERGADERING (AJV)**

16.3.1 Die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging sal een keer in ‘n jaar gehou word, maar nie later as veertig (40) dae na die afsluiting van die finansiële jaar aan die einde van Junie nie en op sodanige plek en tyd soos van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Komitee bepaal. Ten minste een-en-twintig (21) dae kennis moet van elke Algemene Jaarvergadering (of Spesiale Algemene Ledevergadering) aan al die lede gegee word. Die betrokke kennisgewing moet plek, datum en tyd van die Vergadering aangee.

16.3.2 Kennis van die Algemene Jaarvergadering sal geskied minstens 21 (een en twintig) dae voor die vergadering geskeduleer is en moet sodanige kennisgewing die plek, datum en tyd van die vergadering aandui.

17. **KWORUM**

17.1 ‘n Kworum vir enige Bestuursvergaderings sal minstens 50% (vyftig persent) van die totale lede op die Bestuur uitmaak.

17.2 Algemene Ledevergaderings en Algemene Jaarvergaderings:- Die Kworum vir ‘n Algemene Ledevergadering en ‘n Algemene Jaarvergadering van die Vereniging sal die helfte (50%) van die plaaslike lede teenwoordig plus een wees.

17.3 Slegs plaaslike lede wie aktief ‘n stalletjie bedryf sal by die Algemene Jaarvergadering stemgeregtig wees indien sy/haar lidmaatskapfooie opbetaald is.

18. SUB-KOMITEES

Indien die Bestuurskomitee dit nodig ag kan:

18.1 een of meer Sub-komitees aangestel word om spesifieke aangeleenthede te hanteer en te ondersoek.

18.2 ‘n Sub-komitee moet ten minste uit drie persone bestaan.

18.3 Die Subkomitee moet gereeld oor vordering en aktiwiteite aan die Bestuurskomitee verslag doen.

19. FINANSIËLE JAAR

Die Finansiële jaar van die Vereniging begin op die eerste dag van Julie en eindig op die laaste dag van Junie van elke jaar

20. VERKIESING EN AMPSTERMYN

20.1 Bestuurslede van die Vereniging sal op die Algemene Jaarvergadering verkies word en sal sodanige verkiesing geld vir ‘n periode van minstens 2 (twee) jaar. ‘n Bestuurslid mag vir meer as een periode van twee jaar benoem en verkies word.

20.2 Die Bestuur mag addisionele lede, tot ‘n maksimum van 4 (vier) lede, op die Bestuur gekoöpteer, welke lede nie noodwendig aktiewe lede te wees nie of uit die lede verkiesbaar hoef te wees nie.

20.3 Die vier(4) addisionele lede hoef nie noodwendig aktiewe lede te wees of uit lede beskikbaar gekies te word nie.

21. FINANSIES

21.1 Die fondse van die Vereniging sal bestaan uit die gelde ontvang vir Lidmaatskapfooie of enige ander gelde wat op ‘n aanvaarde wyse binne die raamwerk van hierdie Grondwet ge-in is.

21.2 Lede of ampsbekleërs het geen reg op enige eiendom, fondse of enige ander bates van die Vereniging nie.

21.3 Tekenmagte op tjeks of ander onttrekkings van fondse van die Vereniging sal aan enige drie van die volgende lede toegeken word te wete:

21.3.1 Die Onder-Voorsitter
21.3.2 Tesourier
21.3.3 Ander gekose of aangestelde lede van die Bestuur,

Onderhewig daaraan dat die Tesourier se handtekening te alle tye op alle tjeks sal verskyn, onderhewig daaraan dat indien die Tesourier nie teenwoordig is nie sal die ondervoorsitter se handtekening die van die Tesourier vervang.

21.4 Alle tjeks sal deur minstens 2 (twee) persone geteken word.

21.5 Geen inkomste, bates of eiendom van die Vereniging mag aan enige lid of lede of ampsbekleër toegedeel word nie.

21.6 ‘n Bedrag van vergoeding, soos deur die Besuur goedgekeur, mag toegeken word aan ‘n ampsbekleër of lid ten opsigte van dienste gelewer aan die Vereniging.

21.7 Bywoning van ander vergaderings of funksies deur enige amptenaar, vir en namens die Vereniging moet op ‘n Bestuursvergadering goedgekeur word.

21.8 Die Vereniging se inkomste in enige monetêre vorm gehou of aan hom verskuldig asook enige bates (roerende en onroerende eiendom) mag nie aan enige lid of lede of enige ampsbekleër/s uitgedeel word nie, behalwe as redelike vergoeding vir dienste aan die Vereniging gelewer. Die bedrag aan vergoeding moet redelik wees vir die werk wat gedoen is.

Die doel waarvoor die Vereniging se fondse aangewend mag word berus by die diskresie van die Vereniging se Bestuurskomitee. Die Bestuurskomitee sal egter poog om te alle tye nadat voorsiening gemaak is vir die daaglikse onderhoud en voortbestaan van die Vereniging om surplusfondse ter verbetering van omstandighede vir lede met alles wat daarmee saamgaan aan te wend asook die kanaliseer daarvan na die Mosselbaai gemeenskap om diegene wie dit nodig het se lewenskwaliteit te verbeter.

22. ALGEMENE PROSEDURES TEN OPSIGTE VAN DIE VERENIGING SE VERGADERINGS

22.1 Die Voorsitter sal alle vergaderings lei en by sy/haar afwesigheid sal die Onder-Voorsitter en/of enige ander lid deur die aanwesige lede aangewys.

22.2 ’n Behoorlike Agenda sal opgestel word ten opsigte van die punte om bespreek te word op die vergadering, welke Agenda streng nagevolg sal word, behalwe by instemming van die vergadering.

22.3 Notule van die punte bespreek tydens die Vergadering sal gehou word en sal sodanige Notules vir ’n tydperk van minstens 5 (vyf) jaar bewaar word.

22.4 Alle voorstelle sal bewyse van ‘n skriftelike mosie, met ’n sekondant ingedien word en sal by wyse van stemming op ‘n vergadering in of uit gestem word.

23. STEMREG BY LEDEVERGADERINGS

Slegs ‘n plaaslik opbetaalde aktiewe stalletjiehouer sal stemreg hê (persoon aan wie ‘n stalletjie sedert 1 Desember van ‘n vorige jaar toegeken is) tydens ledevergaderings. Slegs 1 (een) stem per stalletjie sal toegelaat word, nieteenstaande die feit dat die stalletjie deur meer as een persoon besit word.

24. VRYWARING VAN AMPTENARE EN BESTUURSLEDE

Die Bestuurslede van die Vereniging, hulle amptenare en agente of enige persoon deur hulle aangewys vir ‘n sekere plig of doel, word gevrywaar teen enige aanspreeklikheid uit hoofde van hul werksaamhede as sodanig, welke sal insluit enige versuim, nalatigheid of enige daad uitgevoer tydens die uitvoering van sodanige persoon se pligte in terme van hierdie konstitusie. Die Vereniging, sy bestuur of enige persoon deur hulle aangewys vir die uitvoer van ’n spesifieke taak, sal verder nie aanspreeklik wees vir enige verliese en/of skade soos gelei deur enige lid nie.

25. SKORSING EN/OF OPSKORTING VAN LIDMAATSKAP

25.1 Die Bestuur sal geregtig wees om die Lidmaatskap van enige lid op te skort; ingeval sodanige lid skuldig bevind word aan wangedrag.

25.2 Enige stappe met betrekking tot die skorsing of opskorting van ‘n lid se lidmaatskap sal geskied ooreenkomstig die Vereniging se Dissiplinêre en griewe prosedure, soos aangepas van tyd tot tyd.

25.3 Indien ‘n lid geskors is of sy lidmaatskap beëindig word, sal sodanige lid nie geregtig wees op terugbetaling van enige lidmaatskapsfooi reeds aan die Vereniging betaal nie.

25.4 ‘n Lid sal voorts geregtig wees om te bedank as lid, by wyse van ‘n skriftelike bedanking. Sodanige bedanking sal slegs effektief wees sodra sodanige lid se lidmaatskapsfooi behoorlik op datum betaal is en enige onafgehandelde aangeleentheid ten opsigte van sodanige lid teenoor die bestuur en/of die vereniging behoorlik afgehandel is.

26. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Die bepalings van die Grondwet mag gewysig, herroep, of uitgebrei word by wyse van ‘n twee derde meerderheid van die teenwoordige plaaslike lede by ‘n Ledevergadering spesiaal saamgeroep vir sodanige doel, onderhewig daaraan dat:

26.1 behoorlike kennis van sodanige vergadering gegee word in terme van die bepalings van hierdie konstitusie en

26.2 enige voorgestelde wysiging, herroeping of uitbreiding geplaas word op die Agenda vir die vergadering en gesirkuleer word aan die lede van die Vereniging ten minste 21 (een en twintig) dae voor plaasvind van die vergadering.

27. ONTBINDING VAN DIE VERENIGING

27.1 Die Vereniging kan ontbind word indien minstens twee derdes van die plaaslike lede teenwoordig by ‘n Algemene Ledevergadering, spesifiek saamgeroep vir sodanige doel, instem tot sodanige ontbinding.

27.2 Kennisgewing van die vergadering soos bedoel in sub punt 1 sal gegee word minstens een en twintig (21) dae voor die plaasvind van sodanige vergadering en sal sodanige kennisgewing duidelik verwys daarna dat die vergadering ten doel het om oor die ontbinding van die Vereniging te stem.

27.3 Indien die Vereniging enige bates hou na ontbinding, na betaling van alle uitgawes en/of laste daarvan, sal sodanige bates toegeken word aan die Mosselbaai Munisipaliteit, om toe te deel aan ‘n soortgelyke organisasie met dieselfde doelwitte as die vereniging.

28. UITLEGGING

Indien enige dispuut sou ontstaan met betrekking tot die uitleg van enige van die bepalings van hierdie konstitusie, sal die beslissing van die Voorsitter na oorleg pleging met die Bestuur, finaal en bindend wees.

Goedgekeur op hierdie 5de dag van Augustus 2009

W.F.T. Van Schalkwyk
……..
VOORSITTER